DIE BURGER (Wes-Kaap)
31 July 2013, p10



Studente sweet vir beurse

Steven le Roux van die manskoshuis Helderberg aan die Universiteit Stellenbosch het Maandag nog krag om vir die kamera te glimlag terwyl hy en ander inwoners van Helderberg en Heemstede deelneem aan die Enduro-uitdaging, wat deel vorm van die Absa Matie-week. Dié week sluit ook 'n talentkompetisie, optredes deur die universiteit se sêrgroepe en 'n sokkertoernooi in. Die Enduro-uitdaging het Maandagmiddag begin en eindig vandag. Elf koshuispare neem hieraan deel – elke koshuispaar sal oor 48 uur twee beurte van twee uur elk hê om soveel as moontlik kilometers op oefenfietse of roeimasjiene in die Neelsie-studentesentrum af te lê. Die doel is om geld in te samel vir die studenteraad se beursfonds. Die koshuispaar wat die meeste kilometers afgelê het, wen 'n prys. Foto: PIA NÄNNY